Province of the

**EASTERN CAPE**

EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2012

# VERBRUIKERSTUDIES MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

**CONSUMER STUDIES/VERBRUIKERSTUDIES**
**ANSWER SHEET/ANTWOORDBLAD**
**SEPTEMBER 2012**

**NAME/NAAM:** MEMORANDUM **GRADE/GRAAD:** ________

## SECTION A/AFDELING A

### QUESTION 1.1/VRAAG 1.1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.2 | A | B | C | ~~D~~ |
| 1.1.3 | ~~A~~ | B | C | D |
| 1.1.4 | A | B | C | ~~D~~ |
| 1.1.5 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.6 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.7 | ~~A~~ | B | C | D |
| 1.1.8 | A | ~~B~~ | C | D |
| 1.1.9 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.10 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.11 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.12 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.13 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.14 | A | ~~B~~ | C | D |
| 1.1.15 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.16 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.17 | A | B | ~~C~~ | D |
| 1.1.18 | A | ~~B~~ | C | D |

23

### QUESTION 1.2/VRAAG 1.2

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.2 | A | B | ~~C~~ | ~~D~~ | E | ~~F~~ | G | ~~H~~ |

4x1 | 4

### QUESTION 1.3/VRAAG 1.3

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3 | A | ~~B~~ | ~~C~~ | ~~D~~ | E | F |

3x1 | 3

### QUESTION 1.4/VRAAG 1.4

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.4.1 | ~~A~~ | B | C | D | E |
| 1.4.2 | A | B | C | ~~D~~ | E |
| 1.4.3 | A | B | ~~C~~ | D | E |
| 1.4.4 | A | B | C | D | ~~E~~ |
| 1.4.5 | A | ~~B~~ | C | D | E |

5x1 | 5

### QUESTION 1.5/VRAAG 1.5

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.5.1 | A | B | ~~C~~ | D | E | F | G |
| 1.5.2 | A | B | C | ~~D~~ | E | F | G |
| 1.5.3 | A | B | C | D | E | F | ~~G~~ |
| 1.5.4 | A | ~~B~~ | C | D | E | F | G |
| 1.5.5 | A | B | C | D | ~~E~~ | F | G |

5x1 | 5

| | | |
|---|---|---|
| **TOTAL** | **40** | **TOTAAL** |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

## VRAAG 2

2.1 Vetsug/Oorgewig/Hoë cholesterol/Arteriosclerosis/Hartvatsiekte/Beroerte
(Enige 1)
ŉ Toestand waar **oortollige vet** in die liggaam gestoor is/hoofare/vernouing van die are
1 punt – voorbeeld van gesondheidsverwante siekte
2 punte vir beskrywing (3)

**VERSTAAN LU 12.2.1**

2.2

| Bulimie | | Anorexia | |
|---|---|---|---|
| 1. | Self-braking | 1. | Uithongering. |
| 2. | Gebruik purgeermiddel na ooreet sessies. | 2. | Gekenmerk deur lae kalorie-inname en groot belangstelling in voedsel. |
| 3. | Nie beheer oor eetgewoontes (eet groot hoeveelhede voedsel) | 3. | Verwronge liggaamsbeeld (Voel vet al is hulle ondergewig) |
| 4. | Lae self-beeld | 4. | Voel in beheer. |
| 5. | Menstruasie nie geaffekteer nie. | 5. | Menstruasie geaffekteer. |
| 6. | Gesondheidstoestande – ontstaan a.g.v. vomering, seer keel, tand-verrotting enigeen en nierprobleme, opswelling (Enige 1) | 6. | Gesondheidstoestande – droë vel, droë hare wat uitval, droë hare op wang, koue voete en hande en moontlike hartprobleme (Enige 1) |
| 7. | Liggaamsmassa-beheer (moeilik om te sien). | 7. | Baie dun en is maklik om te sien. |
| 8. | Gedrag gemik om te verhoed om gewig op te tel | 8. | Sielkundig |
| 9. | Spiere swakheid | 9. | Ernstige gewigsverlies |
| 10. | Kopsere | 10. | Gewigstoename word gesien as verlies van selfbeheer (groot vrees) |
| 11. | Geswolle speekselkliere | 11. | Gedrag gemik op gewigsverlies – obsessie |
| 12. | Moegheid | 12. | Baie dun, maklik om te sien |
| 13. | Slukdermskade | 13. | Onvermoë om te konsentreer |
| 14. | Maagsere | 14. | Osteoporose (bekom dit maklik) |
| 15. | Langtermyn intestinale probleme | | |

(Enige 3) (3x2) (6)

**TOEPASSING LU 12.2.1**

2.3
- Eet gesonde, hoë-vesel - meer plantvoedsels.
- Wees fisies aktief.
- Moenie rook nie.
- Handhaaf ʼn gesonde gewig.
- Drink alkohol in matigheid.
- Verminder soutinname.
- Verlaag onversadigde vette inname
- Verhoog omega-3 vetsure
- Beperk cholesterolinname (100 mg per dag) (Enige 4) (4)

**VERSTAAN LU 12.2.1**

2.4 2.4.1
- Laktose-intoleransie is die onvermoë van die liggaam om groot hoeveelhede laktase te verteer.
- Die onvermoë is a.g.v. ʼn tekort aan die ensiem laktase wat normaalweg in die dunderm vervaardig word. (2)

**VERSTAAN LU 12.2.1**

2.4.2
- Naarheid
- Krampe
- Opswelling
- Gas
- Diarree
- Halitose (slegte asem)
- Braking (Enige 3) (3)

**VERSTAAN LU 12.2.2**

2.4.3
- Verseker voldoende kalsiuminname (bv. groen groentes, vis met sagte grate en tofu) en vitamiene D om die bene optimum te verseker.
- Gebruik melk van rys en klapper om laktose in melk te vervang.
- Baie soja-voedsels is natuurlik hoog in kalsium en is belangrik vir gesonde bene en gesondheid.
- Gebruik kalsiumverryke soja-melk om voldoende kalsium inname te verseker.
- Melkprodukte soos byvoorbeeld joghurt is veilig omdat dit lewendige bakterieë bevat wat help om laktose te verteer.
- Lees etikette om nie-suiwelprodukte wat laktose bevat te vermy.
- Gebruik suiwelprodukte wat natuurlik laag is in laktose soos byvoorbeeld Switserse kaas en roomkaas.
- Gebruik spesiale produkte soos Lacteeze of ander laktose-vrye melkverlaagde laktose tot 99%.

Voorbeeld en Verduideliking
(Enige 3) (3x2) (6)

**TOEPASSING LU 12.2.1**

2.5 2.5.1

- Anemie is ʼn bloed-verwante siekte as gevolg van onvoldoende hemoglobien in die bloed en dit val tot onder ʼn sekere vlak.

**OF**

- Die bloed het van sy kapasiteit verloor om suurstof te dra.

**OF**

- Tekort of geen hemoglobien word vervaardig want geen suurstof is vervoer nie. Vermindering in rooibloedselle. (2)

**VERSTAAN LU 12.2.1**

2.5.2 (a) **Vegetariërs**

- Hang af van tipe vegetariër.
- ʼn Tekort aan vitamien $B_{12}$ wat slegs van dierlike oorsprong is.
- Geen yster en vitamien $B_{12}$ is ingeneem nie. (2)

(b) **Tienerdogters**

- Hulle begin om te menstrueer
- Hulle glo rooivleis maak jou vet
- Onvoldoende yster en vitamien $B_{12}$ word ingeneem.
- Vrouens is kieskeurig oor sekere kosse en vermy dus voedsel wat ysterryke en vitamiene C bevat (lewer en spinasie)
- Baie koffie gebruik benadeel absorpsie van yster.
- Fetus kan te veel koffie d.m.v. plasenta absorbeer as swanger is.
- As swanger is ʼn toename in bloedvolume.
- Drink baie tee – die tiamien benadeel ysterabsorpsie. (3)

**VERSTAAN LU 12.2.1**

2.6 (a) **Liggaamsgewig word beheer.**

- Goeie voeding voorsien nutriënte wat opboumateriaal en hoë energie voedsels verskaf wat die liggaamsgewig stabiel hou.
- Voorsien ook voldoende energie om oefeninge te kan doen, spiere op te bou en help dus om die gewig te handhaaf.
- Die klem is op ʼn gesonde gebalanseerde maaltydpatroon. (3)

(b) **Verlore nutriënte word vervang.**

- Die verlies word veroorsaak a.g.v. diarree, sweet snags en vomering, goeie voeding vervang vloeistowwe en elektroliete wat verlore is en sluit in water, sop, vrugtesappe, verskaf vitamiene en minerale wat belangrik is om infeksie te beveg.
- Energievlakke word verhoog.
- Immuunsisteem word verhoog.
- Neem meer vrugte en groente in.
- Drink skoon, veilige water om verlore vloeistowwe te vervang. (3)

(c) **Die immuunstelsel funksioneer beter.**

- Goeie voeding voorsien voldoende proteïene, energie, vitamiene en minerale is belangrik vir onderhoud, beskerming, beheer en versterking van die immuunstelsel, verlaag die toename in MIV/Vigs.
- Die lyers se welstand verbeter en versterk die immuunstelsel.
- Sluit in Vitamien C, Vitamien A, Vitamien $B_6$
- Minerale: selenium en sink.
- Verhoog die inname van vrugte en groente (3)

**ANALISEER LU 12.2.1**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C: KLEDING**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 **Styl** Lyne wat een vorm van ŉ ander onderskei. (2)

3.1.2 **Modegril/gier** Is uitspattige mode wat op ŉ gegewe tydstip gedra word/gewoonlik deur ŉ klein groep aanvaar word en verdwyn net so vinnig. Bykomstighede is dikwels modegiere. (2)

3.1.3 **Haute couture** ŉ Term wat gegee word vir die skepping en vervaardiging van mode waar die ontwerper sy/haar skepping ontwerp in plaas van om aan individuele ontwerpe se vereistes te voldoen. Nuwe skeppings en style wat slegs net deur modeleiers gedra word. Goeie werkmanskap, kwaliteit en duur. (2)

3.1.4 **Modeneigings** Is die rigting wat ŉ mode silhoeët volg – byvoorbeeld lengte van rok. (2)
**ONTHOU LU 12.2.4**

3.2 **Prent A** – Kultuur – die Sari dui aan dat die vrou van ŉ Indiese kultuur is.
**OF**
Godsdiens – die hoofbedekking dui aan die vrou die Moslemgeloof volg (2)

**Prent B** – Beroep – die Sjefbaadjie en die hoed dui aan die man is ŉ sjef. (2)

**Prent C** – Aktiwiteit – Die sweetpak en sportskoene dui aan dat die vrou oefeninge doen. (2)
**TOEPASSING LU 12.2.4**

3.3
- **Welbekende persoonlikhede** beïnvloed modes as verbruikers hulle naboots met wat hulle dra.
- **Verskillende bemarking segmentasie** vereis verskillende modes, byvoorbeeld klere vir die jeug, bejaardes, fisies gestremde mans en vrouens, etniese en geloofsgroepe.
- **Geografiese leefpatrone** – mense wat in die stad woon word blootgestel aan modes en koop nuwe modes, terwyl mense in die platteland nie so baie klere koop nie.
- **Hoë vlak van opvoeding** – beïnvloed mode – veranderinge positief want opgevoede mense het meer toegang tot hulpmiddels en is bewus van nuwe modes.
- **Kruis-kulturele kontak** en sub-kulturele groepe stel nuwe modes in.
- **Godsdiens** – Minder beperking as in die verlede
- **Verhoogde mobiliteit** – beter infrastruktuur daarom meer ontspanningsklere want mense reis meer – meer vakansie.
- **Meer vrouens in die werkplek** – ŉ groter aanvraag op die mode industrie om beide die werk en leefstylbehoeftes te bevredig.
- **Opvoeding** – meer modekennis.
- **Geografiese patroonverandering** – byvoorbeeld beweeg na die stad toe – meer modebewus
- **Kulturele feeste** – besoekers sien nuwe modes. (Enige 4) (4)

**VERSTAAN LU 12.2.4**

3.4
- Dit dui op finansiële sukses en status tussen die jeug, want ’n nuwe klas ontstaan bv. Adidas ✓
- Gee ’n behoefte aan behoort portuuraanvaarding en populariteit, want niemand wil uit die mode wees nie ✓
- Handelsnaam lojaliteit word gesien as ’n statussimbool, sportklere dui op sosiale groepe tussen jeug (Puma, Nike, Adidas) ✓
- Assosieer met goeie kwaliteit en outentisiteit ✓
- Verhoog selfbeeld want slegs die beste is goed genoeg ✓
- Jong volwassenes het ’n verwronge waardesisteem, persepsie dat handelname is ’n moet/superieure modeneigings ✓ (Enige 5) (5)

**TOEPASSING LU 12.2.4**

3.5
- Tieners wil aanvaar word deur ander en erkenning kry van individue as ook aanvaar word deur hul eie portuur.
- Klere wat deur jou portuur gedra word, maak dat jy aan ’n groep behoort en laat jou goed voel.
- Sosiale identiteit verhoog die aanduiding dat jy aan ’n sekere groep behoort.
- Portuur het ook mode, en verandering in die mode help andere van dieselfde ouderdom om te konformeer en gee die gevoel van sterkte, d.i. sterkte in getalle.
- ’n Hoër ekonomiese status, as hulle handelsname wat duur is koop van spesifieke winkels.

(5)

**TOEPASSING LU 12.2.4**

3.6
- Aantreklik om ’n goeie indruk te skep.
- Skoon en netjies om ’n positiewe beeld oor te dra.
- As jy klere dra wat verskillend is of “way-out” mag dit ’n negatiewe indruk skep.
- Bykomstighede wat pas by die uitrusting skep ’n goeie indruk en by jou persoonlikheid.
- Trek aan om by die werk-omgewing te pas, dit laat die indruk skep dat jy belangstelling in die werkplek toon en dat jy moeite gedoen het.
- Geskikte kleur byvoorbeeld bloue pak – want dit is ’n kalmerende kleur.

(Enige 2)(2x2) (4)

**TOEPASSING LU 12 2 3**

3.7
- Klere moet gemaklik wees, want jy is die heeldag in die uitrusting.
- Kies kleure wat pas by jou persoonlikheid, jy voel goed in die klere en dit verskaf vertroue in die werkplek.
- Kies klere wat nie uit mode gaan nie, modegrille het ŉ beperkte lewensspan en is duur om te vervang.
- Mode en modegril reflekteer die klein detail soos bykomstighede wat die huidige mode reflekteer. Daar moet ŉ gekoördineerde meng en pas wees.
- Kledingstukke wat met maklike versorging kledingstowwe gemaak is moet gekies word. Dit bespaar tyd op herstel en versorging.
- Jy sal begroot sodat jy sal weet wat om te koop.
- Jy sal beter keuses maak en die omgewing bewaar.
- Jy sal weet watter bykomstighede jy het vir jou klere.
- Maklik en vinnig aantrek.
- Spaar geld – minder items.
- Pas by figuurtipe en werk aktiwiteite insluitende sosialegeleenthede wat deel vorm van werkverantwoordelikhede.
- Beste kwaliteit wat jy kan bekostig en dit sal langer hou.
- ŉ Kern van basies, klassieke style in neutrale kleure wat nie maklik uit die mode gaan nie.
- Items wat maklik meng-en-pas – kombinasies in terme van style, kleur en tekstuur.
- Meer hemde/bloese as rompe/broeke (3-5 hemde/bloese vir elke broek/romp).
- Ongeveer 70-80% gewone en 20-30% gedruk.
- Vermy impulsiewe aankope.
- Moenie items dupliseer nie. (Enige 8) (8)

**TOEPASSING LU 12.2.3**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN SAGTE MEUBLEMENT

## VRAAG 4

4.1 4.1.1 **Huisverband/huislening.**

- Die tipe lening gee jou geleentheid om van jou verbandlening geld te trek.
- Jy kan die ekstra geld oordra in u rekening om die lening vinniger terug te betaal. (2)

**VERSTAAN LU 12.2.5**

4.1.2 **Oordragskoste.**

- Geld betaal om die huis oor te dra aan die nuwe eienaar.
- Die hoeveelheid hang af van die koopprys van die eiendom.
- Belasting word aan die ontvanger van inkomste betaal.
- Koper betaal oordragskoste voordat die eiendom op die nuwe eienaar se naam geregistreer word. (Enige 2) (2)

**VERSTAAN LU 12.2.5**

4.1.3 **Volle titelakte.**

- Die eienaar het volle eienaarskap van die huis en die eiendom.
- Strukturele verandering buite die gebou gedoen word met goedkeuring van die munisipaliteit.
- Belasting moet deur die eienaar betaal word.
- Eienaar verantwoordelik vir alle koste. (Enige 3) (3)

**VERSTAAN LU 12.2.5**

4.2

- Die koper moet bewys lewer van sekuriteit/kollaterale sekuriteit
- Moet permanente werk het en kan bewys dat jy wel in staat sal wees om die lening/maandelikse paaiement terug te betaal.
- Waardasie van die eiendom moet gedra word om te verseker dat die bank die geld sal terugkry indien die koper versuim om terug te betaal
- Terugbetalingspaaiement behoort nie meer as 25% van die (gesamentlike) maandelikse inkomste te wees nie.
- Bank terugbetaling oor 20-30 jaar. (Enige 3) (3)

**VERSTAAN LU 12.2.5**

4.3 4.3.1 ʼn Huurooreenkoms is ʼn wettige ooreenkoms tussen die huurder en die huiseienaar wat aandui elkeen se regte en verantwoordelikhede. (2)

**VERSTAAN LU 12.2.5**

4.3.2
- Die huurooreenkoms moet aandui die gesin se regte en verantwoordelikhede. In dien die huurder nie by die ooreenkoms bly nie kan die huiseienaar hulle vra om die huis te verlaat en indien hulle die huurooreenkoms gelees het kan hulle nog ʼn saak hê teen die eienaar.
- Die ooreenkoms die regte van die eienaar meld kan hy/sy die huurders uitsit.
- Die ooreenkoms moet deur beide partye onderteken word. Dan is dit wettig en bindend en nou mag die gesin nie die prokureur en hulle tyd mors nie. (3)

**TOEPASSING LU 12.2.5**

4.3.3
- As dit jou huis is hoef jy geen toestemming van die eienaar of korporatiewe liggaam te kry as jy veranderinge wil aanbring nie.
- Kan veranderinge en verdere ontwikkeling aanbring sonder toestemming van ʼn tweede persoon.
- Die familie sal ʼn vorm van sekuriteit/kollaterale sekuriteit hê as hulle moet geld leen.
- Hulle is die wettige eienaars en hulle kan dit aan iemand anders oordra.
- Hulle het ʼn bate wat hulle teen ʼn wins kan verkoop – finansiële belegging.
- Huur die kamers uit om ekstra geld te verdien, sonder om toestemming te verkry.
- Kan ʼn besigheid bedryf van die huis af met goedkeuring van die plaaslike owerhede, hulle kan geld spaar en hoef nie vir die huiseienaar te vra nie.
- Gevoel van trots – jy versorg jou eiendom met trots en kyk hoe pas dit in by die gemeenskap.
- Gevoel van onafhanklikheid. (Enige 4) (4)

**VERSTAAN LU 12.2.6**

4.3.4
- Okkupasiehuur
- Vervoeruitgawes verbonde aan trek
- Grondbelastingklaringsertifikaat
- Eiendomsbelastingsertifikaat
- Aansluitingskoste
- Onvoorsiene uitgawes (Enige 4) (4)

**VERSTAAN LU 12.2.6**

4.4
- Water, elektrisiteit, vullis rekening moet betaal word.
- Sekuriteitkoste soos die “armed response” maatskappy.
- Herstelwerk.
- Huishoudelike assuransie.
- Huishoudelike versekering om te verseker dat die inhoud verseker is.
- Verbandbetaling (eienaar van die huis om huur te betaal huurder).
- Verbandbeskermingversekering (eienaar van die huis). (Enige 3) (3)

**VERSTAAN LU 12.2.6**

4.5 **Transaksies – Voordele en Nadele.**

| **Transaksie** | | **Voordele** | **Nadele** |
|---|---|---|---|
| 4.5.1 | Debietkaart | • Geen rente<br>• Kry produk na betaling.<br>• Koop waar jy die beste waarde vir jou geld kry.<br>• Vermy skuld/beheer finansies.<br>• Kan die item onmiddellik gebruik<br>• Kry afslag. (2) | • Groot hoeveelheid geld – onveilig.<br>• Indien tjek gebruik – hoë bedrog risiko.<br>(2) |
| 4.5.2 | Kredietkaart | • Dra nie kontant nie.<br>• Het ŉ keuse vir paaiementskedule.<br>• Paaiemente betaal oor ŉ periode van tyd.<br>(1) | • Die geld wat spandeer word word later betaal.<br>• As dit nie beheer word nie kan dit onbekostigbaar word.<br>• Hoë rente betaalbaar<br>• Hoë bedrog risiko<br>(1) |

(3x2) (6)

**VERSTAAN LU 12.2.6**

4.6
- Herwinning skep werkgeleenthede.
- Spaar geld want minder energie word gebruik vir herwinning want daar word nie van roumateriaal gebruik gemaak nie.
- Spaar hulpmiddels verlaag die behoefte om roumateriaal te gebruik, spaar geld en verminder besoedeling.
- Bewaar lug en waterkwaliteit want minder ontbinding en besoedeling vind plaas.
- Afval is onooglik en impak negatief op die gesondheid.
- Deur herwinning, kan Suid-Afrikaners geld spaar, leef in ŉ skoner en gesonder omgewing.
- Verminder afval en beperk stortingterreine.
- Spaar energie deur dit te hergebruik in plaas van nuwe produkte.
- Herwin kombuisafval as kompos (Enige 4) (4x2) (8)

**EVALUERING LU 12.2.7**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN BEMARKING VAN VOEDSEL, KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENT

### VRAAG 5

5.1 5.1.1 **Kwaliteitbeheer** Is die evaluasie van ŉ finale produk voor dit bemark word. (2)

5.1.2 **Gelykbreek** Dit is die posisie waar al die koste van die produkte gedek word deur die verkope. Verkope hierna sal winste wees. (2)

5.1.3 **Teikengroep** Dit verwys na die seksie van kliënte van ŉ besigheid en besluit op die doel van bemarking. (2)

5.1.4 **Volhoubaar** In staat om winsgewend te bly en inkomste te skep sodat die sakeonderneming kan voortgaan. (2)
**ONTHOU: LU 12.4.3**

5.2
- Verseker die glad verloop van die proses.
- Gebruik effektiewe metode en prosedure.
- Belangrik vir doeltreffendheid – verminder foute.
- Spaar op koste deur beter benutting van tyd, materiaal en arbeid.
- Maak terugvoering maklik by die punt van produksie.
- Gehalteversekering kan toegepas word. (Enige 4) (4)

**VERSTAAN LU 12.4.3**

5.3
- Hou dit kort en eenvoudig.
- Wees spesifiek en akkuraat in u beskrywing.
- Beplan die uitleg sorgvuldig.
- Plaas aandag op fokuspunte om die aandag op die produk te plaas.
- Gebruik ŉ font wat maklik lees.
- Die boodskap moet maklik verstaanbaar wees, opreg/insiggewend en kliëntgeoriënteerd. (Enige 5) (5)

**VERSTAAN LU 12.4.1**

5.4
- ŉ Prototipe sal die kliënt presies wys hoe die finale produk lyk.
- ŉ Prototipe wys die kwaliteit van ŉ produk.
- Wanneer die kliënt die produk sien kan groot bestellings geplaas word/visuele vertoning kan bestellings aanmoedig. (3)

**TOEPASSING LU 12.4.1**

5.5
- Dien as bewys van inkomste en uitgawes vir oudit-doeleindes✓
- Toon aan hoe geld gespandeer is/Toon finansiële posisie. ✓
- Verslae word benodig om inkomstebelastingstate te voltooi. ✓
- Help om doelwitte te stel en die fondse te verkry/beplanning vir die toekoms. ✓
- Dit verseker dat maandelikse uitgawes betaal word/voorkom dat die besigheid op die swartlys verskyn ✓
- ŉ Instrument om die volhoubaarheid van die besigheid te monitor/evalueer/monitor finansiële prestasie op ŉ deurlopende basis/Help om finansiële tekortkominge te identifiseer voordat dit te laat is/toon aan of genoeg wins gemaak word✓
- Help om voorraad op skuld aan te koop ✓
- Om aan kliënte die opsie van krediet te verskaf ✓ (Enige 4) (4)

**VERSTAAN LU 12.4.1**

5.6 5.6.1
- ŉ Persoon wat sy eie besigheid begin en bestuur.
- ŉ Persoon wat besigheidsgeleenthede herken, het die moed om dit te begin en die deursettingsvermoë om dit te bestuur.
- ŉ Persoon wat ŉ produk of diens verkoop, in ruil om ŉ wins te maak. (Enige 2) (2)

**VERSTAAN LU 12.4.2**

5.6.2
- Gebrek aan bestuursvaardighede.
- Swak besluitneming.
- Swak besigheidskennis
- Swak tegniese vaardighede.
- Tekort aan kapitaal.
- Kliëntkrediet.
- Belegging in geboue, apparaat.
- Swak beplanning.
- Tekort aan voorraad.
- Houding – sukses vereis harde werk.
- Swak etiek – oneerlikheid (Enige 5) (5)

**TOEPASSING LU 12.4.2**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.7 | 5.7.1 | **Netto wins** | Wins = verkoopprys – kosprys ✓<br>= R50 – R30 ✓ = R20 ✓ | (3) |
| | 5.7.2 | **Wins persentasie** | $\frac{\text{Wins x 100}}{\text{Verkope}}$ ✓<br><br>$\frac{20 \times 100}{50}$ ✓<br>= 40% ✓✓ | (3) |
| | 5.7.3 | **Eenheids-prys** | Eenheidsprys = verkoopprys ÷ aantal ✓ produkte<br>= R50 ÷ 10 ✓<br>= R5 per produk ✓ | (3) |

**TOEPASSING LU 12.4.3**

**TOTAAL AFDELING E: 40**

**GROOTTOTAAL: 200**